*Aansoekdatum:*_____

1 Hoe word ons 'n liefdesgemeenskap wat dien?

Ons gemeente se visie is: *"liefdesgemeenskap wat dien"*, maar wat beteken dit prakties? Hoe bereik ons so 'n doel?

Ons wil ons gemeentelede aanmoedig om ons gemeentevisie te gaan uitleef en om persoonlike geloofsgroei te behaal. Ons wil gemeentelede AKTIVEER om INISIATIEF te neem!

Ons rig 'n oop uitnodiging aan gemeentelede om aansoek te doen vir soveel as R10,000 om 'n spesifieke projek te befonds wat hulle self wil uitvoer. Gemeentelede moet die voorgestelde projekplan voltooi, en aansoek doen by die Kerkraad om die versoek goed te keur. Die goedkeuringsproses word hieronder uiteengesit.

2 Goedkeuring en oorsig

'n Subkomitee van die Kerkraad sal ten minste een keer per maand vergader om enige voorstelle vir projekte wat gemeentelede wil aanpak te oorweeg.

Die komitee sal die volgende faktore oorweeg voor hulle 'n projek goedkeur:

	Beginsels om projekte te oorweeg
1	**Alle ouderdomme** is welkom om planne te maak! Hierdie is net soveel 'n geleentheid vir jonk en oud, arm en ryk om projekte aan te pak.
2	**Projekte kan groot of klein wees**, en kan kort of lank neem om af te handel, maar verkieslik darem binne enkele maande.
3	Ons verwag deeglike voorstelle en verantwoordelike bestuur, **ons kan nie geld mors nie**! Projekte moet deeglike rekord hou van inkomstes en uitgawes, en dit moet teruggerapporteer word aan die kerkraad.
4	Dit is soms makliker om by bestaande sake betrokke te raak as om heel nuwe projekte uit te dink. Ons gee nie om watter opsie jy kies nie, maar **geld sal nie bewillig word om net weg te skenk nie** – aksie en betrokkenheid is belangrik.
5	Bevorder die projek **gemeente deelname** en interaksie? Hoe meer ons kan inspirer en saamwerk hoe beter.
6	Projekte moet verkieslik **uit ons gemeente kom, en in ons gemeenskap** dien. Hoe meer relevant die projek is in ons midde hoe beter. Indien vooraf goedkeuring verkry is en die nodige reëlings getref is, is julle is welkom om projekte in en om ons kerk- en kantoorgeboue, aan te pak!
7	**Ons verwag terugvoer** – deel jou projek se storie met die gemeente sodat ons dit saam kan vier en daaruit kan leer. Hierdie proses moet by uitstek geleenthede skep vir GETUIENIS oor God se genade en liefde!

*Aansoekdatum:*_____

PROJEKPLAN – Voorbeeld

1 Beskrywing

1. Beskryf die projek:
   - Wat is die behoefte?
   - Wat wil julle doen?
   - Waar wil julle dit doen?
2. Tydsberekening:
   - Wanneer gaan julle dit doen, hoe gereeld?
3. Die projekspan:
   - Wie gaan dit lei?
   - Wie gaan nog betrokke wees?
4. Wil julle hulp he uit die gemeente?
   - Detail
5. Hoe gaan die projek die gemeente aktiveer en/of inspireer?
6. Koste van die projek
   - Detail
   - Hoe wil julle die projek befonds?
   - Wie is verantwoordelik vir geld en verslae?

2 Wie is betrokke?

Naam	Lid van Groote Kerk gemeente?	Huisadres	E-Pos Adres	Selfoon
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			
	Ja / Nee			

3 Datums & Doelwitte

Beskryf wat jy / julle wil bereik teen wanneer en wie daarvoor verantwoordelik sal wees

Gee soveel moontlik detail sodat ons kan verstaan en kan help, dalk het ons kundigheid en of raad.

TERUGVOER: Ons wil graag julle storie hoor – wanneer kan julle kom vertel?

Datum	Wie is verantwoordelik?	Doelwitte & kort beskrywings van projekstappe

*Aansoekdatum:*_____

Datum	Wie is verantwoordelik?	Doelwitte & kort beskrywings van projekstappe
		Terugvoer 1 – in middel van projek
		Terugvoer 2 – Aan einde van projek